Clippings from www.feesboek.co.za

**Ode to la dolce vita!!!**

From past experiences I have learned that my best pictures are those take taken with my eyes, branded into my memory and my brain. This memory slideshow is sitting there forever I can recall the events and people and with all my senses have the whole experience all over again.

Most of the time, when I was visiting this extraordinary place in Baron van Rheede Street, Oudtshoorn, my camera was in my bag and I wanted to keep it there. If you are running around the whole day taking pictures at a fees, the last thing you want to do, it take pictures when you are relaxing.

At the entrance of the restaurant we were met each day by one of the most talented people I have met in a long time. Pieter van Tonder, an artist of Ladysmith welcomes the senses with extraordinary paintings and big blue eyes.

If I close my eyes, I can feel the cool mist of little sprayers by the bar, a welcoming experience in the heat. Countless times I was met by Liza, with ice cold jagermeisters. She floated around with a smile, always. Kristoff, her partner, with his calm voice and open arms always ready to assist the hungry and thirsty photographers. What a team.

Don Francois, with whom I had endless discussions about music, food and experiences, I have to mention once more, like I have said to all of you…

I felt like I was in heaven for two weeks.

I struggle to express my gratitude and admiration in words. Just know that you have made a lasting impression on my heart and mind and that I believe a solid foundation for lasting friendships was laid.

La dolce vita was a home away from home. We enjoyed the food, the music and the company. I have warm memories that would feed me in times when I would need to be recharged. Thank you guys for making my time at the KKNK so special.

VIVA LA DOLCE VITA!

POSTED BY LILA

---

## More Fire! Pieter van Tonder

Op die laaste aand van die fees sit ons om ‘n vuurtjie, elk met ‘n smeulende kole-bed glinsterend in die oë, ‘n feesvuur, uitgebrand met genoeg kole om ons warm te hou vir lank die wintermaande in. Schalk Moss sit met sy kitaar en bedien ons songs soos Jaegermeisters, koud en warm, soos strelings en sy meisie Marguerite is daar, vol woorde in haar warm stilte. Lila ene vlam haarself vol emosies bad in die streeloomblik. Sy vra ek moet ‘n stukkie skryf, sommer ‘n random vars impression oor die Kunstefees sê sy. Die gedagte registreer soos ‘n oggendsonnetjie deur lae miswolke en rys soos vuurkoppies bo die skadubers uit.

Van waar ons sit, net buite die dorp, is die pols van die laaste konsert nog duidelik hoorbaar deur die koel aandlug. Die hele dorp lê soos ‘n kat gekrul in sy laagte en purr, diep tevrede en vol na die feesmaal. ‘n Slapie lê voor.
Van heinde en verre klou voertuie vol mense aan teerpaaie vas en los hul greep in Oudtshoorn waar deure oopswaai en die inhoud uitspoel oor die naaste oop graspolletjie. Leë bottels, vol bottels, koelbokse met kos vir ‘n menigte, tente, stoele, lêgoed, mansmense, vroumense, liefmense, feesmense glinsterend in die son smeer sonroom want die lug is blou en die Karoo-son hou van kaal vel.

Van dag een af is die KKNK ‘n lewende krioelende organisme. Klanke stroom vanuit alle rigtings en tuimel saam ‘n druisende waterval wat die aarde skud. Geure staan van roosters af op en sweef in vlagies straat-af om die eienaars van neusgate te besiel. Visioene en kleurvol lewende tonele dans ‘n stomende tango en word een suriealistiese dans wat die heeltyd flankeer en flikker teen retinas soos ‘n grotvuur.

Vingers streel snare, handpalms slaan vel, kwaste gly oor doek, vloerplanke kreun. Oral leef kunstenaars van vele stem hulle passie uit en begin kreatiwiteit, skepping, inspirasie, verbeelding saam vibreer om ‘n ritme van sy eie te vorm, ‘n pols wat die hele fees lank duur en almal inspireer tot die uitruil van idees, die uitruil van emosies, menswees, saamwees, liefwees, leef.

Dan, tot veel ‘n feesganger se lafenis swaai die hekke oop La Dolce Vita ‘the sweet life’ inderdaar in en bevind jy jouself in ‘n oasietjie waar fyn sproeiertjies jou gesig streel en die groep Zamar se musiek jou betower en meesleur na plekke ver van hier. Cristoff, Liza en Francois se groot harte span skadu oor ons almal en laat ons tuis voel en welkom en

sommer lus om nog te bly. Ek het die voorreg gehad om te sit en skilder by hierdie poorte waar mense ewig kom en gaan met 'n gemoed vol van 'n groot gebeurtenis waar hulle pas vandaan kom of vol van kos en liefde na 'n rustige tydjie in La Dolce Vita se gulle atmosfeer. Hier is vriende gemaak, verlief geraak, dorse geles, harte gevul en siele verkwik. Wat 'n wonderlike voorreg om met soveel fantastiese mense in aanraking te kom en te deel in mekaar se opwinding en lewenspassie. Te veel om op te noem. Lizanne en Leanne met bakboord stuurboord volstruisvere in die hare wat soos warrelwindjies aankom, 'n vars bries wat slierte roer en rokkies lig. Fantastiese fotograwe vol lewe en mens en dan dwarrel hulle weer weg die fees in agter oomblikke aan. 'n Pot skaak met bierdoppies saam met Willem Welsyn en 'n gesprek wat strek van die lewe tot die dood en beyond en alles tussenin. Goue, just be, oomblikke. Dan kom die Rooi Mot kaalvoet verby geflapper met 'n Jaegermeister en 'n bietjie liefde. 'n Vinnige oogkontak elders en 'n skoenlapper oomblik diep.

Saans as die son sak oor die Klein Karoo en 'n paar vlamme stuur oor die kobalthemel sweef 'n vrou soos 'n kat op 'n kussing verby, daar lag 'n geselskappie uit hulle mae uit, daar sit twee figure in erns en klink 'n glasie oor 'n diepe saamstemming, daar spring glase omhoog tot die saamklink van 'n blye mening, glimlagte dobber soos bootjies en oë glinster. Lywe begin spontaan swaai soos palms as Sipho sy drom nadersleep en homself en ons vervoer met sy Transkei ritmes. Later, Sckalk vol passie met sy kitaar sing 'n lied wat hoendervleis blaas oor 'n klam vel en vashaak vir die res van die fees. Ek ontmoet 'n rots, vriend.

So gaan dit aan en aan en jy word wakker asof vanuit 'n droom, maar met flikkerende wimpers teen die oggendson stap mens weer dieselfde droom in. Ek sit en verf en toe ek weer sien lê 'n man hoog in 'n voëlnessie langs een eier want die ander een is gaar en het die nes verlaat. Nes ek dag dinge kan nou nie beter nie klap Francois sy Harley-Davidson sleutels in my hand! Dis MENSE wat die fees maak en met sulke oophartigheid kan ons mekaar mos nou net versterk, en dit alles in ons eie taal. Wat 'n fees! Dankie La Dolce Vita vir julle besondere bydrae om die fees vir soveel 'n ongelooflik kosbare tyd te maak.

Die hele dorp lê soos 'n kat gekrul in sy laagte, vol na die fees, en sluimer te vrede tot volgende jaar. Karretjies klou aan teerpaaie en glip weg die verte in om die pols te neem na waar hulle vandaan kom.

More fire!
Pieter

## 31 MARCH 2008

### Ons visuele reis: KKNK

Klein Karoo

Ek dra die volgende brief op aan al die kleurvolle "creative" mense wat ons in die klein karoo ontmoet het. Alhoewel ek so bietjie van 'n "culture

shock" gehad het (as gevolg van al die kareoke sangers of soos **Chris Voster** dit in ‘n interview genoem het, "fly by night muso’s") was my ondervinding roerend en die trane het gerol toe ons die lang stowwerige pad terug na die Boland aanpak.

Ek wil graag begin met bedankings aan fantstiese mense wat die fees onvergeetlik gemaak het. As ons enige iemand uit laat, is dit nie omdat ons jou vergeet het nie. Die lys sal elk geval groei soos die volgende week aangaan.

Heel eerstens wil ons vir **Paula Schoeman**, Absa KKNK Skakelbestuurder bedank vir al die stories en foto’s wat sy vir ons aangestuur het. Dankie dat jy jou foon in mal tye geantwoord het en ook antwoorde op ons vrae gehad het. Paula, die fees was ‘n groot visuele sukses vir ons, BAIE BAIE DANKIE!!

Ons, GARTHY’S ANGELS, bedank ons picture editor, **Garth Stead**, wat ons, Lila en Jack, op die KKNK missie gestuur het. Dankie aan **FRANCOIS LOTTER** ( redakteur van KRIT) **JACKIE PIENAAR BRINK**, Kantoor-Hoof van Stellenbosch Kantoor en ook Redakteur van Die Burger Fees Koerant. Dankie vir die ondersteuning, al was dit soms rof en ons vuil en vol karoo stof!!

***Francois, Kristoff en Liza***!!!

La Dolce Vita!!!!

Ons was gaande oor die atmosfeer en die fantastiese kos. Ek wil jul net kortliks hier bedank, maar ek gaan nog seker ‘n hele paar posts aan julle opdra. Ek wil vir julle dankie se vir lekker kos, koue bier en die “ bottomless” Jagermeister fontein.

Dankie aan **Zamar**

wat die hele week musiek gemaak het en wat my weer melodies terug gevat het na verre eilande en drome en gedagtes..... en wat passie weer in my aangevuur het. My gypsy siel is weer wakker. **Schalk Moss, van Stellenbosch**,

...ek is jou grootse van. Dankie dat jy tyd gemaak het om ons te kom vermaak. Ek wag vir daardie CD. Jy is `n legend!!!!!!. Dankie aan **Pieter van Tonder**, `n baie tallented kunstenaar van die Klein Karoo. Dankie vir die Maanwandeling vir `n maan foto, dankie vir goeie geselskap en inspirasie. Dankie aan **Matt Schroeder**, dat jy deel was van een van die mooiste foto's wat ek nog geneem het. Pieter en Matt, julle is great.

Dankie aan **Pieter Percussion** en **Sipho van Coffee Baai**. Dit was lekker om op julle bos ritmes te dans.

Laastens wil ons net vir **BLERTUS aka Blertsie** bekank omdat hy die heeltyd wakker was en so mooi na sy ma en pa gekyk het. Ons is bly jou siekte wat jy onder lede gehad is iets van die verlede.

Die boogenoemde mense het die geleenthede geskep en vir ons ingekleur, baie baie dankie.

Oudtshoorn. Dit is nogal moeilik om die die laaste twee weke in woorde te sit. Ek is nie eitlik ‘n wordsmith nie, veel meer ‘n visuele junkie wat wat beelde en flitse hou. Ek sukkel om woorde te vind om die ongelooflike ondervinding uit te beeld. Sodat jy die leser my ondervinding kan deel, kan proe, kan hoor…sien en experience.

Ek het van die mense wat aan my gedagtes geslyp het gevra om vir my stories te skryf oor hulle eie ondervinding. Ek sal soos ek die stories ontvang dit hier post sodat dit ook warder kan word.

Hier sit ek, die laaste aand in Oudshoorn en luister na die klanke van die krieke wat buite die houtrame weerklank. Die gedruis van musiek is weg en ek kan weer gemaklik asemhaal..... Stil sit en luister na stilte. Iets om te warder.

As ek my oe toemaak wil ek hartseer word omdat ek moet groet en weet dat ons nou terug gaan na die realiteit of die regte lewe.

Almal is foos gefees.

Dit was seker die langste wat ek in my lewe by een fees was.'n Volle twee weke.

Steeds…hier waar ek alleen sit in Hans van der Veen, bekroonde Karoo fotograaf, se huis, bly die woorde my ontwyk, omdat ek hartseer is, omdat dit lekker was, omdat ek geleer het, omdat ek kon lag, nou omdat my hart vol is en en ek net wil dankie se. Dankie vir almal wat die prentjie vir my mooi gemaak het..... heel gemaak het en vir die gedagtes en memories wat sal aanhou rondans in my kop.

Vir die wat sulke positiewe voetspore in my kop gelaat het. DANKIE!!

Die volgende fotos is dan die verhaal wat visueel voor my afgespeel het. Dit is 'n "creative combination" van Jack en my foto's. Ek dink dat ons twee saam 'n kick ass span maak.

Lizane AKA lila

ENJOY!!